Laerskool Queenswood

Omsendbrief 7

2 Maart 2011

Geagte Ouers en Voogde

VAKANSIEDAE:

Omsendskrywe 129 van 2011 vanaf Departement van Onderwys, Gauteng provinsie, verwys. Skole sal wel op 28 en 29 April 2011 normaal funksioneer.

PERSONEEL VERJAAR:

Baie geluk aan mev. Meijers wat op 3 Maart 2011 verjaar. Mnr. Dries Briedenhannn, die skool se terreinbestuurder, verjaar op 7 Maart 2011. Ons wens hierdie twee personeellede 'n gelukkige en geseënde jaar toe.

SKOLESKOU VIR PERDERUITERS:

Graag wens ons, ons perderuiters wat aan Sondag, 6 Maart 2011, se skoleskou deelneem, baie sterkte toe.

SELFONE:

Indien u Vrydagaand gedurende die snoekbraai u selfoon verloor het, kom kyk gerus by die kantoor of dit dalk u selfoon is wat opgetel is.

LEES-, STORIE-, FEITEBOEK:

Dit gebeur soms dat die leerders toesigperiodes het. Sorg asseblief dat u kind 'n boek in sy/haar tas het om gedurende sulke periods te lees.

BOBBY VAN JAARSVELD:

Op 15 April 2011 tree Bobby van Jaarsveld by die skool op. Koop asseblief u kaartjies vroegtydig om teleurstelling te voorkom.

MY SCHOOL-KAART:

Gebruik asseblief u kaart so gereeld as wat u kan.

MARLI MARX SPORTDAG:

Hierdie heerlike geleentheid vind plaas op 8 Maart 2011 en nie op 10 Maart 2011 soos op die kalender aangedui.

KOLWYNTJIEVERKOPE:

Eerskomende Vrydag, 4 Maart 2011, verkoop die graad een leerders kolwyntjies ten bate van die kaskarfonds.

"SPARE-RIB"-BESTELLING:

Sien asseblief meegaande bestelvorm vir heerlike Spare-Ribs wat bestel kan word. Bestellings moet asseblief voor of op 4 Maart 2011 by u kind se klasonderwyser geplaas word. Aflewering vind op 8 Maart 2011 plaas.

KREATIEWE OGGEND:

Sien meegaande pamflet.

ENTREPRENEURSDAG:

Op Vrydag, 25 Maart 2011, hou ons kinders entrepreneursdag. Sien asseblief meegaande skrywe vir meer inligting

Punte van belang:

Vakansiedae

Personeel verjaar

Perderuitersskou

Selfone

Lees-, Storie-, Feiteboek

Bobby van Jaarsveld

My School-kaart

Marli Marx sportdag

Kolwyntjieverkope

"Spare-rib"-besgtelling:

Kreatiewe oggend

Entrepreneursdag

FOTOBESTELLING:

Foto's moet asseblief op die fotokoevert bestel word. Geen ander dokumentasie word aanvaar nie. Ongelukkig kan geen foto's bestel word as die kontant nie in die fotokoevert is nie. Die korrekte geld moet asseblief in die koevert geplaas word aangesien die koevert direk na die fotograaf gaan. Plaas asseblief u kontaknommer agter op die koevert. Klasfoto's kan by u kind se voogonderwyser besigtig word. Die sluitingsdatum vir die bestelling is 18 Maart 2011.

VEILIGHEID VAN U KINDERS:

Ons doen 'n beroep op die ouers om leerders nie te lank voor die aanvang van 'n funksie by die skool af te laai nie. Die onderwysers is nie die heeldag by die skool om toesig te hou nie.

KOPLUISE:

Ons ongewenste vriende kuier al weer. Ons doen 'n beroep op alle ouers om maar oplettend hiervoor te wees. Op ons webtuiste is daar 'n intligtingstuk oor kopluise wat u gerus kan lees. Daar is spesiale sjampoo by apteke beskikbaar wat u kan aankoop indien dit nodig is. Volgens departementele reëls mag 'n leerder nie die skool besoek indien daar luise op hare is nie. U samewerking in hierdie verband sal waardeer word.

RUGBY– EN NETBALDAG - 3 MAART 2011:

Hiermee die program vir Donderdag se rugby– en netbalwedstryde te Laerskool Boereford:

<u>*NETBAL:*</u>

14:15 - 14:35:	0/10A en 0/13A
14:40 - 15:00:	0/9A, 0/11A en 0/12A
15:05 - 15:25:	0/10A en 0/12B
15:30 - 15:50:	0/11B en 0/13B

<u>RUGBY:</u>

14:15 - 14:50:	0/13B
14:50 - 15:30:	0/9
15:30 - 16:05:	0/11
16:05 - 16:40:	0/10
16:40 - 17:15:	0/13A

ELEKTRISITEITSBESPARING:

Sien asseblief skrywe wat per hand aan die leerders gegee is.

QUEENSWOOD GOT TALENT:

Ons se geluk aan Ferdi Botha wat as wenner van Laerskool Queenswood se eerste "Queenswood got Talent" aangewys is.

Vriendelike groete

R. LUDICK

PRINSIPAAL

Punte van belang:

Fototbestelling

Veiligheid van u kind

Lees-, Storie-, en feiteboek

Kopluise

Rugby– en Netbaldag

Elektrisiteitsbesparing

Queenswood got Talent